NWGA
NWKV

# Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid Afrika



## Wêreldklas Wol
## Sedert 1926

## Stem van die Wolboer

Die Nasionale Wolkwekersvereniging, gestig in 1926 en amptelik gevestig in 1929, is die oudste organisasie in Suid Afrika wat wolprodusente verteenwoordig. Met meer as 3200 kommersiële- en nagenoeg 41 000 opkomende- en kommunale wolprodusente as lede, is die NWKV die geloofwaardige keuse vir Suid-Afrikaanse wolprodusente om verteenwoordigend van hul belange in alle fasette van die bedryf op te tree.

## HOE ONS ONS STEM GEBRUIK

### Dieregesondheidsforum (DGF)

Die NWKV speel provinsiaal en nasionaal 'n deurslag-gewende rol in die DGF, waar alle lewendehawe-organisasies en belanghebbendes in dieregesondheid betrek word. Dit vervul die belangrike taak na die ondersoek en verspreiding van inligting met betrekking tot die status, beheer en voorkoming van dieresiektes. Die DGF skakel met die Direktoraat: Dieregesondheid onder die Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, asook ander belanghebbendes, op 'n kwartaallikse basis. Kwessies verwant aan biosekuriteit, beleid, wetgewing, lewendehawe-produksie en uitvoere word bespreek. Die NWKV skakel gereeld met relevante rolspelers betrokke in dieregesondheid, in beide die privaatsektor en die staat om te verseker dat lede se belange beskerm word.



## Predasiebestuur Suid Afrika (PMSA)

Die NWKV is getaak om leiding te neem namens die veebedryf vir predasiebestuur. PMSA, onder voorsitterskap van die NWKV, is 'n multi-sektorale platform wat aktiwiteite rakende predasie namens kommoditeitsorganisasies in die vee- en wildbedrywe koördineer en bestuur. PMSA mik om predasieverwante probleme aan te spreek deur die vermindering van veeverliese. Ekologies- en eties aanvaarbare metodes van predasiebestuur word bevorder en gebruik om biodiversiteit in Suid-Afrika te beskerm. Predasie-bestuursopleiding vir produsente en plaaswerkers word deur die NWKV gefasiliteer. Die inhoud van hierdie kursusse word voortdurend deur kundiges opdateer.

## Veediefstalforum

Die NWKV is verteenwoordig op die Veediefstalforum en word saam met ander veebedryfsorganisasies, georganiseerde landbou, wetstoepassings-agentskappe en ander relevante rolspelers wat deur veediefstal geraak word, betrek om hierdie kritiese probleem in SA Landbou aan te spreek.

## Dierewelsyn

Die NWKV is lid van die Dierewelsyn Koördineringskomitee, 'n nasionale entiteit waar dierewelsynkwessies tussen lewendehawe-bedrywe en dierewelsynorganisasies bespreek word. Die komitee reik verklarings rondom verskeie veebestuurs- en ander relevante praktyke uit en voorsien amptelike ondersteuning en advies m.b.t. gesonde welsynbestuursriglyne, volhoubare produksie en kodes van beste praktyke.

## Verteenwoordiging op die Woltrust en Cape Wools SA

Die NWKV speel 'n belangrike rol in die aktiwiteite en besluitnemingsprosesse van beide die Woltrust en Cape Wools, wat die onderhandeling vir produksieadviesdienste, vennootskappe met die regering en ander ontwikkelingsinstansies insluit, sowel as bedinging vir befondsing gemik op die uitbreiding van dienste.



## Verteenwoordig op die International Wool Textile Organisation (IWTO)

Die NWKV verteenwoordig Suid-Afrikaanse wolprodusente by die IWTO. Die NWKV ondersteun internasionale wolpromosieprojekte, en daardeur word Suid Afrikaanse wol , onder andere, bevorder deur interaksie met plaaslike en internasionale wolprosesseerders en kopers.

## Georganiseerde Landbou

Die NWKV is geaffillieer met beide nasionale- en provinsiale georganiseerde landboustrukture, insluitend Agri SA, om daardeur die belange van wolprodusente in die wyer Suid-Afrikaanse landboukonteks, te verteenwoordig.

## DIE NWKV WORD VERTEENWOORDIG DEUR DIE TOTALE WOLWAARDEKETTING

## *DESKUNDIGE ADVIES*

### *Adviesdienste*

Die NWKV is een van min produsente-organisasies wat adviesdienste aanbied. NWKV Produksie Adviseurs is kenners in hul veld en verskaf tegniese- en produksiegedrewe advies deur individuele- en groepsadvies geleenthede. Opleidinginisiatiewe sluit in skaaphantering- en wolklaskursusse; ekonomiese boerdery-ontledings; studiegroepe; plaasbesoeke; inligingsdae en toere. Volhoubare Cape Wool Standaard (SCWS) plaasoudits word gratis deur NWKV Produksie Adviseurs gedoen. Hierdie dienste is beskikbaar aan alle wolprodusente.



## Skeerderopleiding

Die NWKV is 'n AgriSETA geakkrediteerde diensverskaffer, verantwoordelik vir die opleiding van beginnerskeerders, asook indiensopleiding en gevorderde skeerder-opleiding. Die opleiding word op 'n nasionale vlak aangebied en saam met wolklaskursusse, word die kwaliteit van die Suid-Afrikaanse skeersel verseker.

## Kommunikasie

Met omvattende betrokkenheid in alle wolverwante inisiatiewe, beywer die NWKV hom om so doeltreffend moontlik met sy lede te kommunikeer. “Die Wolboer”, NWKV se twee-maandelikse digitale publikasie, is gefokus op wetenskaplike navorsing en bedryfsverwante inligting op plaaslike, nasionale- en internasionale vlak. Met artikels gepen deur industriespesialiste, word die tydskrif verspei aan NWKV lede en is beskikbaar aan alle wolprodusente. 'n Verskeidenheid digitale-kommunikasie platforms word benut om belangrike industrie-verwante inligting te kommunikeer.

## Hollard versekering

Die NWKV het 'n spesiale tarief vir katastrofedekking met Hollard versekering vir sy lede beding waarvolgens lede vir aansienlike premie-afslag vir veeverliese weens koueskade, weerlig, brand en hael kwalifiseer.

NWGA
NWKV

## Kontak ons

Besoek ons webtuiste www.nwga.co.za vir ons nasionale- en provinsiale kontakbesonderhede, meer inligting en hulpmiddels vir wolprodusente.

